

# 1. INLEIDING, PROBLEEMSTELLING, AKTUALITEIT, METODE EN DOELSTELLING VAN DIE NAVORSING

## 1.1 Oriëntering

Die twee partye wat die nouste gemoeid is met die opvoedende onderwys van kinders en leerlinge is ouers en onderwysers. Ouers en onderwysers kan slegs as samewerkende partye of vennote die beste opvoedende onderwys bewerkstellig (Stone, 1984: 4-6). Rondom samewerking of kontak tussen ouers en onderwysers heers daar bepaalde vraagstukke en is daar probleemareas.

In Hoofstuk 1 sal eerstens 'n uiteensetting van die probleme in verband met ouer- onderwyserkontak gegee word. Die aktualiteit van die navorsing sal vervolgens aangetoon word, waarna die algemene en besondere doelstelling van hierdie navorsing geformuleer sal word. Die ondersoekmetodes sal beskrywe word, en die terrein van ondersoek sal afgebaken word. Ten slotte sal daar in hierdie hoofstuk die program van ondersoek uiteengesit word.

## 1.2 Probleemstelling

Kontak in sy breedste konnotasie tussen die ouerhuis en die skool kom dikwels in die literatuur ter sprake (vgl. Thomas, 1980: 203-204; Langen, 1983: 281-292; Epstein en Becker, 1982: 111; Barnard, M.C., 1981: 297-299 en Van der Walt en Dekker, 1983: 87-104), maar by nadere ondersoek blyk dit dat beskouinge van sommige opvoedkundiges oor sodanige kontak meestal op intuïtiewe aanvoeling van die kant van die ouers sowel as die onderwysers berus.

Uit 'n fundamenteel-opvoedkundige oogpunt beskou, lyk die navorsingsprobleem soos volg:

- \* Kontak tussen ouerhuis en skool berus in 'n groot mate op intuïtiewe aanvoeling, eerder as op fundamenteel-opvoedkundige (dit is wetenskaplik-gepre-siseerde) gronde.
- \* Die fundamenteel-opvoedkundige aard van die kontak tussen ouer en onderwyser word dikwels nie begryp nie.
- \* Kontakterreine tussen ouerhuis en skool is nog nie bevredigend met behulp van die prinsipiële-besinnende metodes geïdentifiseer en ontleed nie.
- \* In watter mate kontak tussen ouer en onderwyser die bevoegdheidsterrein van die ouer of onderwyser in gedrang bring, is nog nie ten volle bepaal nie.

- \* Kontak tussen ouer en onderwyser bring die beginsel van soewereiniteit in eie kring in gedrang - 'n toedrag van sake wat prinsipiële besinning regverdig.
- \* Ouerhuis en skool as samelewingsverbande het bepaalde oorvleuelings - en raakvlakke; daarom behoort die beginsel van universaliteit in eie kring, soos dit verband hou met ouer-onderwyserkontak, prinsipiël-besinnend ondersoek te word.
- \* Die beginsels van eenheid en verskeidenheid, gemeenskaplikheid en diversiteit, universaliteit en individualiteit hou verband met ouer-onderwyserkontak; daarom behoort daar deur fundamenteel-opvoedkundige navorsing vasgestel te word hoe bovermelde beginsels bydra tot die prinsipiële presisering van ouer-onderwyserkontak.

'n Kort samevatting van die navorsingsprobleem sal dus soos volg lyk:

Die kontak tussen ouers en onderwysers berus hoofsaaklik op aanvoeling eerder as op fundamenteel-opvoedkundige navorsing. Ouer-onderwyserkontak en - kontakterreine is, sover vasgestel kon word, vaag omskrywe omdat prinsipiële fasette soos soewereiniteit in eie kring en universaliteit in eie kring nog nie in al hulle konsekwensies vir ouer-onderwyserkontak deurdink is nie.

In die verband ontstaan dan die kontraversiële vraag: Hoe behoort ouer-onderwyserkontak, fundamenteel-opvoedkundig beoordeel, plaas te vind?

### 1.3 Aktualiteit van die navorsing

Daar bestaan besorgdheid oor die professionele status van die onderwyser, want in die reël werk ander professies nie met 'n "objek", waar daar aan 'n derde party, soos die onderwyser aan die ouer, verantwoording verskuldig is nie. Enige misverstand hieromtrent kan byvoorbeeld daartoe lei dat onderwysers verkeerdelik "aanvullende ouers" (Kruger en Krause, 1969: 22), "plaasvervangende ouers" (Van Loggerenberg en Jooste, 1966: 93) of "aanvullende voog(de)" (Scholtz, 1976: 263) genoem word. Dit is onjuis om te beweer, al wil dit so voorkom, dat die skool die ouerlike taak van opvoeding oorgeneem het. (Scholtz, 1973: 66). Indien bogenoemde bewerings waar sou wees, word die professionele selfstandigheid van die onderwyser aangetas, terwyl die skool as soewereine samelewingsverband gelyk gestel word aan die ouerhuis, wat prinsipiël nie aanvaarbaar is nie, soos in parr. 3.3.3.4 en 3.3.4.4 aangetoon sal word.

Wat hierdie studie aktueel maak, is dat uit die literatuuroorsig en -studie vasgestel is dat daar besondere probleme in verband met ouer-onderwyserkontak bestaan. So is byvoorbeeld gevind dat daar knelpunte rondom ouer-onderwyskontak bestaan, waarvan negatiewe gesindhede van ouers sowel as van onderwysers jeens ouerbetrokkenheid algemeen voorkom. (Vgl. Van Schalkwyk, 1983: 16-19; Kritzinger, 1984: 66; Swart, 1983: 5; Langeveld, 1969: 14-15 en Fernandez, 1980: 17). Hierdie negatiewe gesindhede spruit dikwels voort uit oningelikhed oor en onkunde van die hele ouer-onderwyserkontakvraagstuk.

Om vas te stel of die vraagstuk van ouer-onderwyserkontak in die Republiek van Suid-Afrika aktueel is, is 'n aantal kenners op die gebied van ouerbetrokkenheid by opvoedende onderwys met behulp van die metode van historiese gewig geïdentifiseer.<sup>1)</sup> 'n Vraelys (vgl. Bylaag 1) is aan dertien respondente gestuur waarvan tien skriftelik daarop gereageer het. (Vgl. Bylaag 2). Uit die antwoorde het dit duidelik geblyk dat ouer-onderwyserkontaknavorsing ook vir Suid-Afrikaanse omstandighede noodsaaklik is.

As die belangrikste knelpunte in ouer-onderwyserkontak, gesien vanuit die kant van die *ouers*, is die volgende sake (Bylaag 2, vraag 4.1) onder andere uitgewys:

- \* Onontwikkelde potensiaal en 'n mindere akademiese sinsbeleving.
- \* Kommunikasiegebreke tussen ouers en onderwysers.
- \* Ouers is oningelig oor hoe en waar hulle 'n bydrae kan lewer. Daar bestaan meestal 'n gebrek aan riglyne oor ouerhulp en bestuur van oueraksies.
- \* Die onderwyswetgewing in die RSA (Wet 39 van 1967) het die ouers in die Republiek van Suid-Afrika oorgerus en onbetrokke gemaak ten opsigte van be-

1) Na samesprekings met erkende opvoedkundiges is 'n groslys van name van persone wat oor die afgelope aantal jare hulleself, deur middel van opvoedkundige geskrifte, openbare optredes, die uitvoer van regeringsopdragte en op ander sigbare wyses as kenners op die gebied van ouer-onderwyserkontak bewys het, opgestel. Hierdie lys is, met die hulp van die promotors gereduseer tot 13 persone wat, sover vasgestel kon word, bo alle twyfel opvoedkundiges, professionele opvoeders en ouers van statuur en die hoogste integriteit is en hulle is persoonlik en/of skriftelik genader om die vraelys (Bylaag 1) in te vul.

Hierdie vraelys met antwoorde gee slegs 'n aanduiding ten opsigte van die aktualiteit van hierdie navorsing en is nie veronderstel om 'n volledige empiriese ondersoek te wees nie.

trokkenheid by opvoedende onderwys.

Volgens die respondente is die belangrikste knelpunte met betrekking tot ouer-  
onderwyserkontak vir die *onderwysers* (Bylaag 2, vraag 4.2) die volgende:

- \* Die skool is 'n staatskool en nie 'n ouerskool nie.
- \* Doelmatige strukture wat kontak tussen ouer en onderwyser (skool) op 'n ge-  
reelde basis moontlik maak, bestaan nie.
- \* Belangstelling van ouers in skole word soms as inmenging op die professio-  
nele terrein van die onderwyser beskou.
- \* Daar heers oor die algemeen 'n gebrek aan kennis, ten opsigte van wat ouer-  
onderwyservenootskap in belang van skoolse opvoedende onderwys werklik  
behels.
- \* Gebrekkige opleiding van onderwysstudente vir ouer-onderwyserkontak.

Op grond van bogenoemde geïdentifiseerde knelpunte, kan die volgende samevat-  
tende opmerking gemaak word: oningeligtheid, swak kommunikasie, misverstande  
oor samelewingstrukture, onsekerheid oor die professionele terrein van die  
onderwyser en die gevolglike gevoel van bedreiging van beide ouers en onder-  
wysers, is voldoende aanduidings dat grondige fundamen-  
teel-opvoedkundige navorsing oor ouer-onderwyserkontak vir doelmatige ouer-  
onderwyserkontak in die RSA noodsaaklik is.

Op die vraag of daar in die RSA negatiewe gesindhede by onderwysers, ten op-  
sigte van ouerbetrokkenheid by opvoedende onderwys in skole bestaan (vgl.  
Bylaag 2, vraag 5), het vier uit die tien respondente (40,0%) beweer dat hulle  
dit dikwels ervaar het, terwyl ses uit die tien (60,0%) aangetoon het dat hulle  
dit selde ervaar het. Uit hierdie ondersoek het dit duidelik geblyk dat geen  
respondent dit nooit teengekom het nie. Die versigtige gevolgtrekking kan dus  
gemaak word dat 'n groot persentasie Blanke onderwysers in die RSA om bepaalde  
redes nog negatief ingestel is teenoor ouerbetrokkenheid by skole. Verderaan  
(vgl. Hoofstuk 6) sal op die belangrikste redes vir hierdie toedrag van sake  
gewys word en riglyne vir oplossings sal aan die hand gedoen word.

Of ouers op hulle beurt negatief ingestel is, ten opsigte van ouerbetrokkenheid  
by skole (vgl. Bylaag 2, vraag 6), het vyf respondente uit tien (50,0%) dit  
dikwels ervaar, vyf uit tien (50,0%) het dit selde ervaar, terwyl geeneen kon  
aantoon dat hy dit nooit ervaar het nie. 'n Groter persentasie ouers as on-  
derwysers is dus, volgens die ondervraagdes, negatief ingestel teenoor ouer-

betrokkenheid by skole. Hierdie bevinding dui verder op die aktualiteit van die navorsing, want die noukeurige fundamenteel-opvoedkundige presisering van ouer-onderwyserkontak kan bydra tot prinsipiële kennis oor die onderwerp (vgl. die titel van die proefskrif) wat weer kan lei tot positiewe gesindhede van ouers oor ouerbetrokkenheid by skole.

'n Laaste faset van ouerbetrokkenheid by opvoedende onderwys in die RSA waarop die vraelys lig werp, is hoe effektief ouer-onderwyserkontak hier te lande is. (Vgl. Bylaag 2, vraag 10). 'n Ontleding van die antwoorde dui op die volgende:

- \* Een uit tien respondente (10,0%) dui ouer-onderwyserkontak in die RSA as baie effektief aan. Hier moet in berekening gebring word dat genoemde respondent eintlik kontak op plaaslike vlak (tussen 'n bepaalde skool en ouerhuise) in gedagte gehad het. (Vgl. Bylaag 2, antwoord 11).
- \* Vier van die tien respondente (dus 40,0%) beweer dat ouer-onderwyskontak in die RSA effektief is. Volgens hulle standpunt is daar dus ruimte vir verbetering van ouer-onderwyserkontak.
- \* Vyf van die tien respondente (50,0%) konstateer dat ouer-onderwyserkontak in die RSA onvoldoende is. Hier blyk dat duidelik dat, volgens 'n aantal kenners op die gebied van ouer-onderwyserkontak, die huidige stand van sake met betrekking tot ouer-onderwyserkontak baie ruimte vir verbetering bied.

Die respondente verstrek bepaalde redes waarom hierdie kontak (ouerbetrokkenheid by opvoedende onderwys) onvoldoende is. (Vgl. Bylaag 2, vraag 10).

Enkele van die belangrikste redes is die volgende:

- + Ouers begryp nog nie wat die plek, doel en taak van die Afrikaanse Ouervereniging is nie (Kruger, 1983); daarom is die ondersteuning onvoldoende.
- + Ouerkontak behels meer as hulpverlening met pannekoekbak tydens funksies. Daar word eerder individuele kontak met die oog op die bevordering van opvoedende onderwys bepleit.
- + Nouer samewerking tussen ouerhuis en skool sal ouers en onderwysers laat voel dat die skool die gemeenskaplike "besit" van onderwysers en ouers is.
- + Goedgeorganiseerde ouerverenigings wat ouers betrokke maak by opvoedende onderwys, en klem op die vennootskapsgedagte plaas, kan effektiewe ouer-onderwyserkontak bevorder.
- + Statutêre inskakeling van die ouer by die totale onderwys sal ouer-ouder-

wyserkontak bevorder. "Ouers en onderwysers moet saam met die staat op al die vlakke seggenskap hê, elk volgens sy eie funksie." (Vgl. Bylaag 2, vraag 10).

Uit die response kan 'n mens die volgende samevatting aflei:

- \* Daar is onvoldoende kennis by ouers (en onderwysers) oor ouer-onderwyser-kontak.
- \* Ter wille van die kind/leerling is ouers as vennote onbetrokke by die essensiële opvoedingsfaset van vennootskapsamewerking met onderwysers.
- \* Ouers geniet weinig of geen statutêre inspraak.

Weer eens kan gekonstateer word dat die deurgee van wetenskaplike inligting aan ouers en onderwysers en ander belanghebbendes (byvoorbeeld onderwysersopleidingsinrigtings, kerke, die staat, en so meer) oor 'n getoetste fundamenteel-opvoedkundige presisering oor ouer-onderwyserkontak kan bydra tot meer effektiewe ouer-onderwyserkontak in sy breedste verband.

## 1.4 Navorsingsdoelstellings

### 1.4.1 Algemene doel van die navorsing

'n Prinsipiële of fundamenteel-opvoedkundige presisering van die aard van die kontak van die ouer met die onderwyser word beoog, asook 'n fundamenteel-opvoedkundige identifisering van die kontakterreine wat kan lei tot die neerlê van duidelike uitgangspunte en riglyne waarvolgens die onderwyser professionele kontak met die ouer kan soek en verlang, en die ouer met die onderwyser kan saamwerk sonder dat die professionele bevoegdheid van die onderwyser of die kompetensierrein van die ouer in gevaar gestel word.

### 1.4.2 Besondere doelstellings

Om die algemene doelstelling te bereik word die volgende ten doel gestel:

- 1.4.2.1 Die *terreine* vir kontak tussen ouer en onderwyser moet noukeurig geïdentifiseer word, sodat die onderwyser se taak om kontak met die ouer en die ouer se verantwoordelikheid om kontak met die onderwyser te bewerkstellig duidelik omlin kan word.

1.4.2.2 Uit 1.4.2.1 vloei voort dat die presiese *aard* van die kontak tussen ouer en onderwyser op elke geïdentifiseerde kontakterrein fundamenteel-opvoedkundig omlin sal moet word. Die vasstelling van die prinsipiële *aard* van die kontak kan lei tot 'n presisering van die onderwyser se taak om kontak met die ouer te verlang en die ouer se verantwoordelikheid om kontak met die onderwyser te verkry.

1.4.2.3 Die implikasies van die fundamenteel-opvoedkundige presisering van die kontak tussen ouer en onderwyser sal vir die verskillende onderwysvlakke (mikro-, meso- en makro-onderwysvlakke) aangedui word.

## 1.5 Navorsingsmetode

### 1.5.1 *Die metode van literatuurstudie (bibliografiese metode)*

Daar is al baie wetenskaplike en populêr-wetenskaplike opvoedkundeboeke en -tydskrifartikels oor ouerbetrokkenheid by opvoedende onderwys en ouer-onderwyserkontak geskryf. (Vgl. Bibliografie). Met behulp van die metode van tekststudie moes daar streng selektief te werk gegaan word om die inligting wat verband met die navorsingsprobleem hou, vir verdere wetenskaplike verwerking te versamel.

### 1.5.2 *Die metode van historiese gewig gekoppel met 'n kort vraelys*

Om vas te stel wat die kernknelpunte van ouer-onderwyserkontak in die Blanke-onderwys in die RSA is, is 'n aantal toonaangewende leiers onder ouers en onderwysers geïdentifiseer. Die gegewe is verkry volgens die metode van historiese gewig. Dit behels 'n ongestruktureerde vraelys met elf oop vrae wat aan hulle vir beantwoording gestuur is. (Vgl. Bylae 1 en 2). Hierdie inligting is verwerk en dit was waardevol om die aktualiteit van die navorsing te bewys.

### 1.5.3 *Die prinsipiël-besinnende metode*

Met die literatuuroorsig het dit duidelik geword dat 'n groot aantal van die geskrewe materiaal wat verband hou met die navorsingsonderwerp of te populêr(-wetenskaplik) aangebied is of bloot op die pragmatiese gerig is. Ander skrywers is geneig om ouer-onderwyserkontak op intuïtiewe aanvoeling te beskrywe en te evalueer. (Vgl. par. 1.2). Hierdie genoemde tendense het die toepassing van die prinsipiël-besinnende metode, wat ook daarop aanspraak maak om oor onder

andere fundamenteel-opvoedkundige vraagstukke te besin, sodat daar "tot sekere fundamenteel-opvoedkundige oortuigings gekom kan word" (Van der Walt, 1982(b): 37), genoodsaak.

#### *1.5.4 Die probleem-historiese metode*

In die bepaling, omlýning en beskrywing van die navorsingsprobleem en die soeke na antwoorde op die probleemvraag (vgl. paragraaf 1.2) het die navorsing onder andere volgens die historiese metode verloop. (Vgl. Barnard, 1978: 32-40 en Van der Walt, 1982: 39). Alhoewel die fundamenteel-opvoedkundige presisering van ouer-onderwyserkontak streng gesproke nie 'n suiwer histories-opvoedkundige probleem is nie, kon hierdie navorsingsterrein nie deeglik ondersoek word sonder dat daar nie ook kortliks op die historiese aanloop van hierdie fundamenteel-opvoedkundige probleem gelet is nie.

#### *1.5.5 Die transendentiaal-kritiese metode*

In die aanwending van hierdie fundamenteel-opvoedkundige metode is die stappe soos uiteengesit deur Van der Walt (1982: 40-43) gevolg, naamlik die transendentiaal-kritiese fase, die transendentale fase, die immanente kritiek en die eksheretiese kritiek. Dit impliseer dat, waar nodig, krities gekyk is na die religie van die teoretikus (die transendentiaal-kritiese fase), 'n eie standpuntstelling ten opsigte van die bepaalde teorie geformuleer is (die transendentale fase), waarna vasgestel is of die bepaalde teoretikus getrou was aan sy eie woordgebruik, formulerings en argumentasies (die immanente kritiek) en uiteindelik is, na bogenoemde kritiese stappe, gekom tot 'n eie standpunt of teorie (i.c. fundamentele opvoedkunde) wat die waarheidsmomente van die spesifieke teorie integreer (die eksheretiese fase). Daar is konsekwent van die voorveronderstelling uitgegaan dat "elke teorie as't ware (werk) met God se Skeppings- en Voorsienigheidswoord, al ken elke teorie nie God se Skrifgeworde Woord nie" (Van der Walt, 1982(b): 43; Schoeman, 1978(b): 793).

#### *1.5.6 Die vergelykende metode*

In Hoofstuk 5 is enkele oorsese lande en ouerbetrokkenheid by opvoedende onderwys of ouer-onderwyserkontak in daardie lande bekend gestel. Daar is van die vergelykende metode gebruik gemaak om vas te stel *hoe* ouerbetrokkenheid by opvoedende onderwys in die bepaalde lande funksioneer, spesifieke leemtes is uitgewys en geslaagde praktyke is as eksimplare vir ouerbetrokkenheid in die RSA



voorgehou, nadat kontekste, milieus, tradisie en kulture in berekening gebring is. (Vgl. Barnard, 1981: 16 in verband met die vergelykende metode).

#### *1.5.7 Die metode van onderhoudvoering (intersubjektiewe gesprek)*

Gedurende die verloop van hierdie navorsing is daar met verskeie opvoedkundiges onderhoude gevcer, onder andere met proff. H.B. Kruger, voorsitter van die Afrikaanse Oervereniging vir Christelike opvoeding en onderwys en I.N. Steyn, lid van die Loodskomitee vir Kurrikulerings- en Eksamineringsondersoeke. (Vgl. paragraaf 6.2.5). Uit hierdie gesprekke is waardevolle inligting vir die doeleindes van hierdie navorsing bekom.

#### *1.5.8 Die fenomeen-analitiese metode*

In Hoofstuk 4 is die verskynsel ouer-onderwyserkontak fenomeen-analities ondersoek, dit wil sê, die aandag is op die verskynsel ouer-onderwyserkontak toegespits. Die ontiese status van hierdie verskynsel is oopgedek en die grondtrekke daarvan onder woorde gebring. Die metode van fenomeen-analise is in Hoofstuk 4 egter nie waardevry toegepas om sodoende in fenomenisme te verval nie; daar is steeds van die voorveronderstelling uitgegaan dat God-drie-enig ook die oorsprong van ouer-onderwyserkontak as verskynsel is en dat die ouer-onderwyserkontakhandeling uiteindelik tot eer van God moet geskied. (Vgl. Van der Walt, 1980: 99-100 in verband met die metode van fenomeen-analise).

### 1.6 Afbakening van die ondersoekterrein

#### *1.6.1 Vooraf*

'n Besondere faset van die werklikheid, naamlik ouer-onderwyserkontak en vrae oor hierdie aspek, is in hierdie studie nagevors. Hierdie navorsingsprobleem is vanuit voorafingenome Christelik-reformatoriese vooronderstellinge ondersoek. (Vgl. par.1.5.5).

#### *1.6.2 Wetenskapsteoretiese afbakening*

Die ondersoek is prinsipiëel en onderwysstelselkundig van aard en lê daarom op die terrein van die Fundamentele Opvoedkunde en die Vergelykende Opvoedkunde.

### 1.6.3 Begripsomskrywing

Die begrippe (*Christelike*) *opvoeding*, *onderwys*, *opvoedende onderwys*, *ouerbetrokkenheid by opvoedende onderwys*, *samewerkingsteoretiese model* en *ouer-onderwyserkontak* wat telkens in hierdie proefskrif voorkom, hou verband met die navorsingsterrein; daarom word die betekenis van elke begrip soos dit in die navorsingsverslag gebruik word, kortliks omlyn.

#### \* (Christelike)opvoeding

Daar word akkoord gegaan met die omskrywing van Van Wyk (soos aangehaal deur Dekker, 1980: 6) van Christelike opvoeding: "Christelike opvoeding impliseer volgens Van Wyk (1973: 52) 'n doelbewuste, opsetlike en waarheidsgeïntegreerde aktiwiteit waarby die ontslote of mondige persoon uit liefde vir God en die naaste gedronge en in volle besef van sy roeping met betrekking tot die kosmos 'n onmondige persoon help, lei, rig, oorhaal en vorm tot vrywillige roepingsbewuste aanvaarding en uitlewing van sy roeping om God met sy hele lewe te dien, sy Koninkryk op alle terreine uit te brei en sy naaste se heil te soek en te bevorder en die kosmos te ontgin en tot volle ontsluiting te bring."

#### \* Onderwys

Onderwys is 'n omvattende begrip; die belangrikste betekenisinhoud van onderwys wat vir hierdie studie van belang is, is die volgende:

- + Onderwys vorm meestal 'n onderdeel van opvoeding.
- + Onderwys het te doen met die oordra van kennis en/of vaardighede.
- + Op skool word daar meer spesifiek aandag gegee aan onderwys omdat die skool se doelfunksie die ontsluiting van die logies-analistiese modaliteit van die mens (i.c. leerling) is. (Vgl. par.3.3.4.4).

#### \* Opvoedende onderwys

Opvoeding word onder andere gedra deur onderwys, want die aanleer van basiese kennis en vaardighede is 'n voorvereiste vir opvoeding. Leer vind eers werklik plaas wanneer die kennisinhoud wat deur onderwys verwerf is ook die karakterinhoud het wat deur opvoeding ingeskerp is. (Dekker, 1980: 16-18). Vir hierdie navorsing is die betekenis van opvoedende onderwys meer afgespits op die belangstelling (en samewerking) wat ouers in die opvoedings- en onderwysaktiwiteite van hulle kinders se skole het.

- 11
- \* Ouerbetrokkenheid by opvoedende onderwys  
 Ouerbetrokkenheid by opvoedende onderwys impliseer dat ouers:
    - + belangstelling sal hê in die bedrywighede van die skool;
    - + sal saamwerk met die skole (onderwysers) in belang van die opvoedende onderwys van hulle kinders;
    - + bereid sal wees om betrokke te raak by skoolaktiwiteite soos aangedui deur die professioneel-opgeleide opvoeders (die onderwysers);
    - + gekwalifiseerde seggenskap en inspraak sal hê in die opvoedende onderwys van hulle kinders, en
    - + bereid sal wees om as volwaardige vennote saam met die onderwysers te werk in belang van die ontsluiting en begeleiding van hulle kinders op laasgenoemde se pad na volwassenheid.
  
  - \* Samelewingsteoretiese model  
 'n Samelewingsteorie beteken vir die doel van hierdie navorsing 'n Skrifge- fundeerte fundamenteel-opvoedkundige teorie oor bepaalde samelewingsverbande (i.c. veral die huwelik, die ouerhuis en die skool) ten opsigte van hulle oorsprong, wese en bestemming en wat met ouer-onderwyserkontak in verband staan. (Vergelyk in hierdie verband Schoeman, 1979: 106-107 en Van der Walt, Dekker en Van der Walt, 1983: 238).

Die woord model word gebruik met die betekenisinhoud van 'n voorbeeld, 'n voorgeskrewe vorm, 'n proefsteen of 'n toetssteen. (Bosman, Van der Merwe en Hiemstra, 1984: 1014).

'n Samelewingsteoretiese model beteken dus 'n Skrifgefundeerte fundamenteel-opvoedkundige teorie oor relevante samelewingsverbande wat as model of toets- of proefsteen gebruik kan word, as sleutel tot die verhouding tussen ouerhuis/gesin/ouer en skool/onderwyser. Die begrip word verder geopera- sionaliseer in Hoofstuk 3 en die inhoud van die model word as toetsmaat- staf in die navorsing oor ouer-onderwyserkontak gebruik.

- \* Ouer-onderwyserkontak  
 Ouer-onderwyserkontak hou in dat ouers en onderwysers in die betrokkenheid van ouers by skole met mekaar te doen kry, veral behoort te wees in die opvoedende onderwys van kinders, op bepaalde terreine met mekaar in aanraking kom en op besondere maniere of wyses met mekaar moet saamwerk in belang van opvoedende onderwys. In sy breëre betekenis impliseer ouer-onderwyser-

kontak ook oerbetrokkenheid by opvoedende onderwys in sy wydste betekenis. (Vgl. paragraaf 5.1).

### 1.7 Program van ondersoek

Die program van ondersoek het soos volg verloop:

- \* 'n Omvattende literatuurondersoek is onderneem met die oog daarop om 'n wetenskaplike oorsig te kry van al die sake wat verband hou met ouer-ouderwyserskontak, soos onder andere die aktualiteit van die navorsingstema (vgl. paragraaf 1.3), ouer-ouderwyserskontak deur die eeue (vgl. Hoofstuk 2), probleme wat in verband staan met ouer-ouderwyserskontak (vgl. paragraaf 6.2.2.2) en ouer-ouderwyserskontak op mikro-, meso- en makro-ouderwysvlak.
- \* Die aktualiteit van die navorsing (vgl. paragraaf 1.3) is vervolgens verder toegelig uit die antwoorde wat ontvang is na die uitstuur van 'n kort vraelys (vgl. Bylae 1 en 2) aan geselekteerde opvoedkundiges, opvoeders en ouers.
- \* Volgende op die program van ondersoek soos dit in Hoofstuk 2 aangedui is, was die soeke na die kontoere van 'n samelewingsteoretiese model deur die eeue.
- \* 'n Samelewingsteoretiese model is vervolgens ontwerp (vgl. Hoofstuk 3) waarna daar in Hoofstuk 4 'n fenomeenanalise van die verskynsel ouer-ouderwyserskontak as verifiëring vir die samelewingsteoretiese model onderneem is. Aan die hand van die samelewingsteoretiese model is ouer-ouderwyserskontak in Suid-Afrika sedert 1652 (vgl. Hoofstuk 5) krities beoordeel. Ouer-ouderwyserskontak in twee oorsese lande is ook in Hoofstuk 5 aan die hand van die samelewingsteoretiese model ondersoek.
- \* Laastens is die huidige stand van sake, ten opsigte van ouer-ouderwyserskontak op mikro-, meso- en makro-ouderwysvlak in Hoofstuk 6 krities beoordeel aan die hand van die samelewingsteoretiese model soos dit in Hoofstuk 3 uiteengesit is.

### 1.8 Die struktuur van die navorsingsverslag (hierdie proefskrif)

In Hoofstuk 1 word die probleem en doelstelling, die aktualiteit van die navorsing, die metode van ondersoek asook die wetenskapsteoretiese afbakening en begripbepalinge gegee. Ten slotte word daar in hierdie hoofstuk 'n uiteensetting van die navorsingsprogram en -struktuur gegee.

Die soeke na die kontoere van 'n samelewingsteoretiese model vir ouer-onderwyserkontak deur die eeue kom in Hoofstuk 2 aan die orde, omdat ouers en onderwysers reeds sedert die vroegste jare met mekaar kontak gemaak het.

In Hoofstuk 3 word 'n samelewingsteoretiese model vir die verhouding tussen ouerhuis/gesin/ouer en skool/onderwyser ontwerp.

Die ontleding van die verskynsel ouer-onderwyserkontak aan die hand van die samelewingsteoretiese model vind in Hoofstuk 4 plaas.

Die ontwerpte samelewingsteoretiese model dien in Hoofstuk 5 as toetsmaatstaf vir die hantering van ouer-onderwyserkontak in die loop van die geskiedenis en in enkele ander lande.

In Hoofstuk 6 dien die samelewingsteoretiese model as toetsmaatstaf vir ouer-onderwyserkontak op mikro-, meso- en makro-onderwysvlak. Die navorsingsverslag word in Hoofstuk 7 afgesluit met 'n samevatting, evaluering en aanbevelings.

## 1.9 Samevatting

In Hoofstuk 1 is aangetoon dat ouer-onderwyserkontak en die vraagstukke in verband met dié navorsingsonderwerp volgens kenners in die RSA en opvoedkundige skrywers 'n aktuele vraagstuk is wat diepgaande fundamenteel-opvoedkundige navorsing regverdig. Die probleem wat verband hou met ouer-onderwyserkontak is geformuleer en die metode van navorsing is uiteengesit. Die wetenskapsteoretiese benadering en enkele begripsbepalings is geformuleer en die navorsingsprogram is uiteengesit.

Vervolgens word in Hoofstuk 2 gesoek na 'n samelewingsteoretiese model vir ouer-onderwyserkontak deur die eeue.